

Die skrif teen die spieël

Anneke sit teen die parkie-eikeboom. Om haar sweef verbygangers se woorde, asemwolkies in die yskoue oggendlug. In haar kop dwaal gedagtes in duisende rigtings, tref mure van ongeslypte woorde en sinne wat sy self nog nie verstaan nie. Nou en dan stop iemand om te groet, maar loop verbysterd weg wanneer slegs stilte teruggroet.

Dit hang oor haar, agtervolg haar soos 'n skaduwee, hierdie vloek wat haar lewe oorgeneem het. Blaartjies reën troostend op haar neer.

Na 'n rukkie staan sy op en dwaal doelloos paadjielangs, oorfone in haar ore, klanke wat soos golwe oor haar spoel. Verby die winkel waar sy niks kan bekostig nie en die skool wat haar ouers (nou ook slegs skimme) nie kon bekostig nie.

Sy was nog altyd lief vir taal – háár taal. Van kleins af was dit al waarna sy geluister het, waarin sy gedink en gedroom het. Dit bekoor haar om vir skamele oomblikke te vergeet van haar rigtinglose toekoms en gebroke lewe. Hoe ironies dat die een persoon wat deesdae nog enigsins waardering vir die pragtaal het, die onvermoë het om dit uit te leef.

Dis al donker toe sy uiteindelik by haar woonstel instrompel. Sy val op haar bed, staar na die dak soos telkemale tevore. Verby die muf en enkele gloeilamp sien sy woorde van allerhande vorms en groottes in die lug dryf. Asof sy net haar hand moet uitsteek, alles gryp wat haar inspireer en dit vinnig aanmekaar weef om alles wat sy ooit voel uit te blaker. Sy raak opgewonde, besef dat haar mond onwillekeurig die woorde vorm.

Wanneer daar telkens net stomme stilte volg, ruk sy terug na die werklikheid, staan teësinnig op en stop voor haar spieël. Sy raak vir die eerste keer bewus van die notaboekie daarby. Deur haar rou oor haar gebrek, het sy nooit gedink om haar stem só te laat hoor nie!

Sy weet dis onmoontlik, maar haar hart bly hoop dat sy eendag haar eie stembande sal hoor. Vir nou, pen haar vinger 'n enkele aanmoediging teen die spieël waar die verwarmer haar weerkaatsing toewasem: Afrikaans is vir almal – jou ook.

(350 woorde)

Mia le Roux, Graad 9